

PROMOSIE

# ROOI- warm!

Laat almal na hul  
asems snak in  
dié stylvolle  
tweestuk gebrei  
met Coats - in  
die kol vir die  
winter



Hierdie patroon is taamlik maklik. **Koste:** Sowat R70

**MATE**

Om te pas vir borsmaat: 92(100) cm. **Ware grootte:** Bostuklengte: 61 cm. **Moulenigte:** 60 cm. **Middel:** 68(76) cm. **Romplengte:** 65 cm. **Heupbreedte:** 92(100) cm

**SPANNING**

Brei 'n toetslappie oor 70 ste en 80 rye teen S6, in ks. Meet met die groen liniaal oor 40 ste en 60 rye. Vereiste spanning: 31 ste en 39 rye = 10 x 10 cm oor ks. Pas jou spanning aan indien nodig.

**BENODIGDHEDE**

Coats Knit Cro-Sheen nr. 5 (50 g-bolle) – 800 g rooi; rek om om middel te pas; 4(5) knope.

**PATROONSTEEK**

Koussteek.

**AFKORTINGS**

- B – albei kante
- HS – hoofspanning
- S – spanning
- ( ) – alle syfers tussen hakies verwys na steke of rye
- RT – ryteller, gevolg deur rytellerlesing ná gegewe posisie
- + – vermeerder
- verminder
- 1x20x5 – vermeerder of verminder 1 st na elke 20 rye, 5 keer, aan een of albei kante, afhangend daarvan of dit 'n halwe of volle paneel is
- h/aan(af) – heg aan(af)
- N(e) – naald(e)
- st(e) – steek(steke)
- Rg – resgare
- PL – sonder patroon (koussteek)
- b – brei
- pos – posisie
- HP – hou posisie
- WP – werkposisie

**VOORPANTE, AGTERPANT EN MOUE**

Volg aanwysings op diagramme.

**ROMP**

Plaas 142(152) Ne in B-posisie. Plaas daarna elke 2e N in A-posisie. Heg aan met selfkant oor Ne in B-posisie. S4, brei 8 rye. Plaas nou alle Ne wat tussenin is in B-posisie en brei 4 rye. S8, brei 1 ry. Slaan oor na S6, plaas RT op 000 en volg diagram vir romp.

**AFWERKINGSTROKIES**

Brei 4. Stel 200 ste op met selfkant, brei 8 rye teen S6, dan 1 ry S10, daarna nog 8 rye S6. Brei af op rg.

**AFWERKING**

Blok alle pante en stoompars deeglik. **Baadjie:** Werk skouernate toe.

Maas sy- en mounate toe. Werk moukoppe vas. Speld afwerkingstrokies aan voorpante en halsrand en werk vas. Spasieer knoopsgate eweredig. Werk knope teenoor knoopsgate vas. Vou mouboordjies 1,5 cm na binnekant om en glipsteek vas. **Romp:** Maas synate toe. Vou middelboord na binnekant dubbel en glipsteek vas, laat 'n opening. Ryg rek deur, plaas punte oormekaar en werk goed vas. Werk opening toe. □

**SLEUTEL VIR DIAGRAM**

- ||||| – heg aan met selfkant
- — — — — – buitelyn
- – voulyn, horisontaal of vertikaal
- ▼ – stel ryteller op 0 by dié pyltjie
- – breirigting

